

Ekonomieë in 'n flits

Julie 2021

Raming 2021:

BBP: 7.1%

Inflasie: 3.6%

Raming 2022:

BBP: 4.7%

Inflasie: 2.4%

VSA

Volgens die Federale Reserweraad (Fed) word goeie vordering gemaak in die najaag van sy doelwitte, maar dit sal nog 'n geruime tyd wees voor die mikpunt vir volle indiensname bereik word. Hy het ook geen melding van 'n aanpassing in sy 'effekte-aankoopprogram' gemaak nie. Die Fed is ook nie bekommern oor stygende verbruikersprys-inflasie (VPI) nie aangesien dit deur eenmalige faktore veroorsaak word. Die wêreldwye tekort aan halfgeleiers ('semiconductors'), byvoorbeeld, lei tot skerp stygings in die pryse van gebruikte motors. Gebruikte motorinflasie het in Junie met 10.5% gestyg vergeleke met Mei en 'kern-persoonlike-verbruik-inflasie' (kern-PVI) tot 4.5% opgejaag vergeleke met 'n jaar gelede. Indien dié item uitgesluit word, dan het kern-PVI tot 2.6% in Junie afgeplat. Intussen het die koop- en verkoopprysindeks van die vervaardiger-aankopebestuurdersindeks (PMI) vir 'n tweede opeenvolgende maand gedaal, wat op verlaagde prysdruk dui. Ekonomiese groei vir die tweede kwartaal het teleurgestel teen 6.5% (op 'n jaagrondslag) vergeleke met 'n verwagte 8.4%.

Raming 2021:

BBP: 4.6%

Inflasie: 1.5%

Raming 2022:

BBP: 4.8%

Inflasie: 1.3%

Eurosone

Daagliks COVID-19 gevalle in die Europese Unie (EU) het aansienlik toegeneem. Nietemin is net meer as 47% van die EU bevolking reeds ten volle teen COVID-19 ingeënt, vergeleke met 31% 'n maand gelede. Die Eurosone se PMI vir dienste het van 58.3 in Junie tot 60.4 in Julie toegeneem, terwyl vervaardiging se PMI van 62.6 tot 'n steeds hoë 60.9 gedaal het. Die Europese Sentrale Bank (ESB) het 'n simmetriese 2% (soortgelyk as in Amerika) as inflasieteiken aanvaar en verklaar dat daar nie tans oorweging geskenk word om die 'nood-effekte-aankoopprogram' aan te pas nie. Die ESB het bevestig dat 'eienaar-ekwivalente huur' in die ESB se inflasieteiken-indeks ingesluit sal word. Die ESB het ook besluit om klimaatveranderingsfaktore in sy monetêre beleidsraamwerk in te sluit. Die EU se klimaatvoorstelle poog om by te dra tot die doelwit om kumulatiewe kweekhuisgasvrystellings met ten minste 55% voor 2030 te sny.

Raming 2021:

BBP: 6.8%

Inflasie: 1.7%

Raming 2022:

BBP: 4.9%

Inflasie: 1.8%

Verenigde Koninkryk

PMI syfers dui daarop dat die Verenigde Koninkryk (VK) 'n beduidende verlangsming van ekonomiese groei in Julie ervaar het. Dienste-PMI het van 62.4 in Junie tot 57.8 gedaal, 'n viermaandelaagtepunt, terwyl vervaardigers se PMI van 63.9 in Junie tot 60.4 in Julie geval het. Die verlangsming weerspieël tekorte aan hulpbronmateriaal en werkers nadat die VK weens Brexit baie buitelandse werkers verloor het. Nuwe bestellings vir dienste het deels weens die arbeidstekorte afgeneem, maar ook weens 'n styging in COVID-19-infeksies. Die Julie syfers dui egter steeds op stellige groei in ekonomiese aktiwiteit. Intussen het lede van die Bank van Engeland se monetêre beleidskomitee erken dat VPI tot 4% kan styg, heelwat meer as hul vorige hoogtepunt-raming van 3%. Hoewel die meeste van hulle die stygende VPI as kortstondig beskou, is daar onsekerheid oor of groterwordende looninflasie tydelik of permanent gaan wees.

Raming 2021:

BBP: 2.2%

Inflasie: -0.1%

Raming 2022:

BBP: 2.1%

Inflasie: 0.5%

Japan

Japan het 'n konsep strategiese energieplan vrygestel wat voorstel dat kragbronne wat nie van fossielbrandstowwe afkomstig is nie in 2030 – '31 vir sowat 60% van die land se energiemengsel verantwoordelik moet wees. Die minister van ekonomie, handel en nywerheid het ook gesê dat sonkrag teen 2030 goedkoper sal wees as kernkrag.

Intussen word die voorraadkettings van Japanese maatskappye bedrieg deur stygende koronavirusgevallen in Suidoos-Asië, wat 'n impak mag hê op Japan se ekonomiese groei. Aan die inflasiekant het kern-VPI gestyg met 'n laer as verwagte 0.2% vergeleke met Junie 2020, hoofsaaklik weens hoër brandstofkoste. Japan mik ook na 'n gesonde fiskale posisie deur 'n primêre begrotingssurplus teen 2027 te teiken, onder meer deur verhoogde belastinginkomste.

China

Die nasionale statistiekeburo het aangekondig dat bruto binnelandse produk met 7.9% gegroei het in die tweede kwartaal vergeleke met 'n jaar tevore. Dit is egter laer as die 18.3% van die vorige kwartaal. Die 'People's Bank of China' het die reserwevereiste vir alle banke met 50 basispunte gesny. Dit kan sowat \$155 miljard in langtermynlikiditeit vrystel om die ekonomiese herstel te ondersteun, veral omdat dit voorkom asof die ekonomie stoom verloor – soos blyk uit vervaardigings-PMI wat in Junie gedaal het. In dié oopsig is China nadelig geraak deur 'n stygging in COVID-19 gevalle, arbeidstekorte en 'n tekort aan elektrisiteit in die suide. Die Politieke Buro van die Kommunistiese Party het ook ekonomiese planne vir die tweede helfte van 2021 voorgestel, insluitende dieper strukturele hervorming, pro-aktiewe fiskale beleid, 'n stabiele wisselkoers en bestendige kommoditeitspryse. Aan die inflasiefront het Chinese vervaardigers minder insetprysinflasie ervaar nadat hulpbrontekorte gedeeltelik opgelos is.

Raming 2021:

BBP: 8.2%

Raming 2021:

Inflasie: 1.2%

Raming 2022:

BBP: 5.9%

Inflasie: 2.1%

Raming 2022:

Inflasie: 5.6%

Raming 2022:

BBP: 5.1%

Inflasie: 5.2%

Ontluikende markte

Die Internasionale Monetêre Fonds (IMF), in sy Julie-vooruitsig, verwag steeds globale groei van 6%. Die samestelling van die groei het egter verander ten gunste van ontwikkelde ekonomieë. Toegang tot entstowwe is volgens die IMF die nuwe skeidslyn tussen ontwikkelde en ontluikende ekonomieë, met die laasgenoemde wat nie voldoende toegang het nie. Gevolglik het verskeie lande in Suid- en Oos-Asië 'n stygging in nuwe COVID-19 gevalle gehad, wat die vooruitsig vir ekonomiese groei nadelig raak. Volgens die Wêreldbank het die getal mense wat in armoede gedompel is weens COVID-19 met sowat 180 miljoen in Suid- en Oos-Asië toegeneem.

Die Pew Research Center raam dat die middelklas in Suid- en Oos-Asië met 51 miljoen gekrimp het. Intussen het Rusland se sentrale bank die rentekoers met nog 100 basispunte verhoog om stygende inflasie te probeer beperk.

Raming 2021:

BBP: 4.0%

Inflasie: 4.3%

Raming 2022:

BBP: 2.4%

Inflasie: 4.3%

Suid-Afrika

Ekonometiese groei in die derde kwartaal gaan nadelig geraak word deur die instelling van 'n strenger aangepaste vlak 4-inperking (sedertdien aangepas na aangepaste vlak 3) en die onluste in Julie waar eiendom beskadig en lewensverliese gely is. Die regering het sedertdien verskeie maatreëls aangekondig om te help met die 'herbou' van die geaffekteerde gebiede in KwaZulu Natal en Gauteng, en om armoede te help verlig deur die herinstelling van die R350 per maand maatskaplike toelae en TERS-betאלings aan werkers wat deur die inperkings geraak is. Hierdie maatreëls gaan na raming R38.9 miljard kos, maar die Nasionale Tesourie het bevestig dat dit nie die fiskale tekort gaan verhoog nie aangesien dit deur groter as verwagte belastinginkomste gefinansier sal word. Belastinginvordering in die eerste kwartaal was reeds sowat R60 miljard meer as in 2019 (voor COVID-19). Die regering het ook 'n ooreenkoms met vakbondes bereik oor salarisverhogings, wat na raming sowat R27 miljard gaan kos. Die Reserwebank het die repokoers onveranderd gelaat en sy inflasievoortschatting vir 2022 verlaag.

Die makro-navorsingsspan

Herman van Papendorp is hoof van Momentum Investments se span vir navorsing en insigte en het finale verantwoordelikheid vir makronavorsing en bateallokasie. Ekonne Sanisha Packirisamy en Johann van Tonder is verantwoordelik vir die makroraamwerk vir beleggingsgeleenthede en -strategieë.



Die inligting wat gebruik is om hierdie dokument op te stel sluit inligting in van derde partye en is slegs bedoel vir inligtingsdoeleindes. Hoewel ons alle redelike stappe neem om die akkuraatheid van die inligting in hierdie dokument te verseker, gee nie Momentum Metropolitan Life Limited of enige van hulle onderskeie filiale of geaffilieerde, enige uitdruklike of implisiete waarborg oor die akkuraatheid, volledigheid, of betroubaarheid van die inligting in hierdie dokument nie en geen waarborg van enige soort, uitdruklik of implisiet, word gegee oor die aard, standaard, akkuraatheid of andersins van die inligting wat verskaf word nie.

Nie Momentum Metropolitan Life Limited, sy filiale, direkteure, amptenare, werknemers, verteenwoordigers of agente (die Momentum partye) het enige aanspreeklikheid teenoor enige persone of entiteite wat die inligting in hierdie dokument ontvang vir enige eis, skadevergoeding, verlies of uitgawes nie, insluitende, en sonder enige beperking, enige direkte, indirekte, spesiale, toevallige of gevolglike koste, verliese of skade, of in kontrak of delik, wat mag voortspruit uit of in konneksie met inligting in hierdie dokument en jy stem om die Momentum partye dienooreenkomsdig vry te waar. Vir meer inligting besoek momentum.co.za. Momentum Investments is deel van Momentum Metropolitan Life Limited, 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en geregistreerde kredietverskaffer, met 'n B-BBEE vlak-1 gradering.



Indekse vir Julie 2021

	Een maand	Drie maande	Een jaar	Drie jaar	Vier jaar	Vyf jaar	Ses jaar	Sewe jaar	Tien jaar
Aandele-indekse									
FTSE/JSE Indeks van alle aandele (Alsi)	4.18%	3.24%	27.06%	9.67%	9.04%	8.75%	8.03%	7.50%	11.60%
FTSE/JSE Aandeelhouersgeweegde-indeks (Swix)	1.59%	0.05%	20.90%	5.52%	5.42%	5.27%	5.43%	5.87%	10.72%
FTSE/JSE Bobeperkte Swix-indeks	2.59%	2.40%	27.08%	5.19%	4.95%	4.38%	4.64%	5.19%	10.23%
FTSE/JSE Top 40-indeks	4.53%	3.02%	25.50%	10.28%	9.73%	9.67%	8.28%	7.62%	11.76%
FTSE/JSE Indeks vir mediumgrootte maatskappye	2.79%	6.31%	34.87%	5.75%	4.17%	2.06%	5.18%	5.34%	9.52%
FTSE/JSE Indeks vir kleingrootte maatskappye	-1.12%	1.15%	61.23%	4.51%	2.87%	2.42%	3.31%	4.50%	9.99%
FTSE/JSE Hulpbronindeks	11.67%	3.19%	32.70%	25.97%	25.39%	22.30%	17.27%	7.11%	7.37%
FTSE/JSE Finansiële-indeks	-1.21%	4.70%	29.19%	-4.99%	-1.42%	-0.20%	-0.80%	2.43%	9.18%
FTSE/JSE Nywerheidsindeks	0.94%	2.94%	22.10%	7.21%	5.29%	5.81%	5.81%	7.28%	13.57%
FTSE/JSE Research Affiliates Fundamentele Indekse	4.30%	5.83%	36.24%	7.62%	8.88%	8.93%	8.53%	6.62%	10.49%
40-indeks (Rafi)									
FTSE/JSE Research Affiliates Fundamentele Indekse Alsi	4.09%	5.58%	37.05%	7.68%	8.58%	8.67%	8.18%	6.40%	10.12%
FTSE/JSE SA Genoteerde Eiendomsindeks (Sapy)	-0.64%	-0.25%	28.46%	-8.90%	-10.09%	-7.57%	-4.99%	-0.52%	4.85%
Rentedraende-indekse									
FTSE/JSE Indeks van effekte (Albi)	0.83%	5.73%	13.92%	8.67%	9.29%	8.86%	8.46%	8.43%	8.46%
FTSE/JSE Indeks van effekte 1-3 jaar (Albi)	0.94%	0.86%	4.61%	8.78%	8.44%	8.55%	8.43%	8.15%	7.70%
FTSE/JSE Inflasiegekoppelde-indeks (Ili)	0.47%	2.27%	16.71%	5.01%	4.18%	3.27%	3.82%	4.32%	6.37%
Saamgestelde indeks van korttermyn-vasterente (Stefi)	0.32%	0.94%	3.90%	5.95%	6.29%	6.57%	6.63%	6.58%	6.25%
Kommoditeite									
NewGold Beursverhandelde Fonds	6.03%	4.08%	-20.74%	18.12%	11.95%	6.96%	11.17%	9.46%	8.95%
Goudprys (in rand)	5.96%	5.05%	-19.53%	18.42%	12.53%	7.29%	11.48%	9.96%	9.34%
Platinum Beursverhandelde Fonds	0.86%	-13.29%	-1.29%	11.32%	5.05%	-1.26%	3.09%	-0.79%	
Platinumprys (in rand)	1.73%	-10.59%	0.45%	12.44%	5.89%	-0.45%	3.80%	-0.05%	-1.77%
Wisselkoersbewegings									
Rand/euro bewegings	2.48%	-0.68%	-13.82%	4.20%	2.75%	2.27%	3.71%	2.76%	6.05%
Rand/dollar bewegings	2.49%	0.83%	-14.07%	3.74%	2.60%	1.08%	2.53%	4.55%	8.14%
Inflasie-indeks									
Verbruikersprysindeks (VPI)				4.87%	3.85%	4.03%	4.24%	4.57%	4.60%
									4.98%

Important notes

1. Sources: Momentum Investments, IRESS, www.msci.com, www.yieldbook.com, www.ft.com.
2. Returns for periods exceeding one year are annualised.
3. The return for Consumer Price Index (CPI) is to the end of the previous month. Due to the reweighting of the CPI from January 2009, this number reflects a compound of month-on-month CPI returns. The historical numbers used are the official month-on-month numbers based on a composite of the previous inflation series (calculations before January 2009) and the revised inflation series (calculations after January 2009).
4. The MSCI World index (All Countries) returns are adjusted to correspond with global investment prices received.
5. FTSE/JSE disclaimer: www.jse.co.za
6. The information reproduced in this document has been compiled by or arrived at by Investments from sources believed to be reliable.
7. Reasonable steps have been taken to ensure the validity and accuracy of the information in this document. However, Momentum Investments does not accept any responsibility for any claim, damages, loss or expense, howsoever arising out of or in connection with the information in this document, whether by a client, investor or intermediary.
8. The content used in this document is sourced from various media publications, the Internet and Momentum Investments. For further information, please visit us at www.momentuminv.co.za.
9. Momentum Investments is part of Momentum Metropolitan Life Limited, an authorised financial services and registered credit provider, and rated B-BBEE level 1.